NAUDE & VAN DE WALL

PROKUREURS

TRUSTFONTEIN-GEBOU
ST. ANDREWSTR. 151
BLOEMFONTEIN
9301

POSBUS : 153 of 260 □ 9300
TELEFOON : (051) 70611
TELEGRAMME : EDUAN of PAX
TELEKS : 27127

ONS VERW. MNR. PRETORIUS/ZM U VERW.

uk.

R11 100

Yr

DIE SENDINGSEKRETARIS
-2-6-1982

4 Junie 1982

Ds. D.S. Snyman
Sending Sekretaris
Sinodale Sentrum
BLOEMFONTEIN
9301

Geagte dominee

VERKOPING DIE PLAAS "VALSCHFONTEIN" NO 147

Ons bevestig dat u tot ons beskikking gestel het die volgende dokumente:

(a) Testament Frederick Gerhardus Tromp gedateer 20 September 1923.

(b) Akte van Servituut No 98/1931.

(c) Akte van Transport No 1767/1929.

Ingevolge die testament voormeld word onder andere soos volg bepaal :

> "Ek bemaak aan die SINODE van de NEDERDUITSCH GEREFORMEERDE KERK in den ORANJE VRIJ STAAT mij plaats "VALSCHFONTEIN" No 147, distrik BETHULIE met die bepaling dat die inkomste van die plaas gebruik moet word vir die arme, blinde, kreupele en verminkte lede van gemelde Kerk en vir die Sending werk van die Kerk."

Vir doeleindes van hierdie mening is die Akte van Servituut waarna hierbo verwys is nie van belang nie.

Dit blyk dat ingevolge Akte van Transport No 1767/1929 Seker plaas VALSCHFONTEIN NO 147, distrik BETHULIE, groot AG HONDERD TWEE EN DERTIG (832) MORGE en AG EN VYFTIG (58) VIERKANTE ROEDE, geregistreer is aan die Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat, onderhewig aan onder andere die volgende bepaling wat hier ter sake is :

> "(1) ......
> (2) Dat die gemelde eiendom nie vervreem, verpand of verbind mag word sonder die toestemming van al die diensdoende Predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat."

Wat ook van belang is, is die feit dat die causa vir die registrasie van hierdie transport 'n donatio inter vivos is en het hierdie eiendom derhalwe nie aan die Kerk toegekom vanweë vererwing ingevolge die testament waarna ons vroeër verwys het nie. Die skenking is dan ook behoorlik aanvaar deur die Saakgelastigde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat en as sodanig verteenwoordigende die Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat. Met die aanvaarding van hierdie skenking spreek dit vir sigself dat die voorwaarde wat aan die skenking gekoppel was met betrekking tot die vervreemding van die eiendom inderdaad dan ook aanvaar was.

Dit is insiggewend dat die voorskrifte met betrekking tot die aanwending van die inkomste van die plaas "VALSCHFONTEIN" soos vervat in die testament (vir armes, blindes, kreupeles en Die Sending ens) nie beliggaam is in die Transportakte nie en vorm hierdie voorskrifte en aanwysings derhalwe nie deel van die voorwaardes soos vervat in Akte van Transport nr 1767/1929 nie. Die enigste toevoegings insoverre dit voorwaardes aanbetref, is bewerkstellig deur die Servituut Akte (no 98/1931), waarvolgens 'n servituut van reg ten gunste van die eienaar van die aangrensende gedeelte MEYERSKRAAL NO 434, om die damwal te verhoog en die water daarin te gebruik, onderworpe aan sekere voorwaardes, geskep is.

Wat van die testament vgl. brief Dr. D.J. Vander: 18/11/1968.

Uit die voormelde blyk dit derhalwe dat die tersake eiendom ("VALSCHFONTEIN") derhalwe uit en uit bemaak is aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat sonder enige besondere toedeling aan die Diens vir Barmhartigheid of Die Sending, tensy daar 'n latere onderhandse ooreenkoms tot stand gekom het waarvan ons op dié stadium nie kennis dra nie. Wat betref die verbod op vervreemding soos vervat in die betrokke Akte van Transport haal ons aan uit die saak van EX PARTE SCHOEMAN 1954(4) SA 713 (T) te 718:

> "It is the general policy of the Law to give effect to the intention of the Testator and to enforce restraints on alienation - See Steyn LAW OF WILLS IN SOUTH AFRICA 2 ed 338 ..."

en verder

> "Testamentary dispositions often contain a provision whereby the heir or legatee is prohibited or restrained from disposing of the property bequeathed to him. Such a prohibition, or restraint, on alienation may be cast in absolute terms, ie where all forms of alienation to all persons are prohibited, or it may be a qualified one, ie where certain forms of alienation only are prohibited, others being permitted, ..."

Bogemelde aanhalings handel met testamentêre beskikkings maar is die oorweging in gevalle van hierdie aard presies dieselfde en in die geval waar ons soos in die onderhawige te doen het met 'n skenking waaraan 'n voorwaarde gekoppel is, is die vereiste dat die verbodsklousule nagekom word des te meer sterker aangesien daar inderdaad 'n ooreenkoms tot hierdie effek tot stand gekom het.

Ons is derhalwe die mening toegedaan dat die enigste basis waarop die betrokke eiendom vervreem kan word, aan welke koper, ookal, alleen sal kan plaasvind indien daar voldoen word aan die voorwaarde tewete dat

al die diensdoende predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat hul toestemming daartoe verleen.

Ons vertrou dat die voormelde vir u van waarde mag wees en indien ons u enigsins verder behulpsaam mag wees sal ons bly wees om van u te verneem. Indien daar moontlik verdere feite is waaroor ons op die stadium nie beskik nie en wat 'n invloed mag hê op hierdie mening sal ons dit besonder waardeer indien u sodanige feite onder ons aandag sal bring wanneer ons die saak in heroorweging sal neem.

Hoogagtend
Die uwe

NAUDE & VAN DE WALL